

# Damestee saam Aleit

Aleit Swanepoel van "Tyd Met Aleit", 'n realiteitsprogram op Kyknet, was die hoofspreekster op die jaarlikse Dames-tee van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn.

Hy glo dat die bou van 'n goeie selfbeeld 'n mens se sukses bepaal en ook dat vriendelikheid, omgee en vrygewigheid die prys is wat elke mens moet betaal vir die spasie wat hulle opneem.

Aleit het moeilike kinderjare gehad en tog kan hy vandag spog dat hy die stigter en voorsitter is van een van die mees vooraanstaande troue- en funksiekoördineringskonsultantefirmas in Suid-Afrika en internasionaal. Aleit se konsultantefirma het meer as 70 personeellede wat onvergeetlike troues, funksies en sosiale geleenthede skep en organiseer.

Aleit getuig dat spesiale onderwysers sy toekoms bepaal het deur sy potensiaal raak te sien en hom aangemoedig het om sy talente te ontwikkel. Sukses volg dikwels op daardie stemmetjie wat agter jou fluister: "Doen dit nou!" 'n Mens kan self bepaal hoe jou lewe gaan uitdraai deur die regte keuses te maak.

Aleit spesialiseer ook in binnenshuise versiering en reis dikwels oorsee om te sien hoe dit daar gedoen word. Hy ignoreer mode oor die algemeen, maar sê dat hout en koper deesdae baie saam met fluweel gebruik word. Diepblou en swart is gewilde kleure en huisplante het nou weer 'n plekkie gekry.

Aleit sê dat mens met 'n klein begroting baie kan uitrig om 'n huis op te kikker deur slegs 'n vertrek vars uit te verf, ou matte uit te haal, vloere te skuur en ligskakelaars en ligte toebehore te vervang. Hy eindig sy motiveringspraatjie met aanhaling van Moeder Teresa: "Help one person at a time and start with the person nearest to you." Aleit poog om daaglik hierdie waarheid uit te leef.



**CH Tombstones & Granite Works**

Manufacturing & Installing of granite & marble countertops

Contact us for a FREE quotation  
 admin@chtombstones.co.za  
 058 852 2680 / 082 318 8299  
 www.chtombstones.co.za

Like us on CH Tombstones & Granite Works

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Silma kantoorure by 058 852 3033 of 083 363 6553.

**BKB**

Has a vacancy for a  
**RETAIL ASSOCIATE: HEILBRON**

For more information and job requirements, follow this link:  
<https://bkb.job.skillsmapafrica.com>

Reference number: TRAD379  
 Closing date: 30 October 2019

INTEGRITY  
 SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP  
 LEARNING | EMPLOYEES | ENVIRONMENT  
 www.bkb.co.za

**Russells**  
 you pay less for more

**OPENING SALE**

**23-27 OCTOBER 2019**

**RUSSELLS HEILBRON**  
 50 CHURCH STREET, HEILBRON